## 10 April Genesis 3:1-13, (Teks: 3:9)

### *Waar is jy?*

"Waar is jy?" Dit is een van die belangrikste vrae wat ooit tot die mens gekom het. Na die sondeval het die mens vir God probeer wegkruip. Maar God soek hom op en roep hom, soos 'n vader wat sy weggedwaalde kind weer terugroep; "Waar is jy?" Dit is 'n bestraffende en verwytende vraag. Die mens se sonde en ongehoorsaamheid mag nie verbygegaan word nie. Die vraag moet hom tot skuldbesef, berou en belydenis bring. Maar dit is tegelyk ook 'n vertroostende vraag. God roep die sondaar! Hy kon geswyg het en die mens in die verdoemenis gestort het. Die mens verdien dit. Maar God doen dit nie. Hy soek op.

In Jesus Christus word die opsoekende liefde van God ten volle geopenbaar. Hy gee antwoord op die vraag: "Waar is jy?" Dit gebeur in die tuin van Getsémane. Die soldate saam met Judas soek Jesus om Hom gevange te neem. Dan tree Hy self na vore en sê: "Hier is Ek" (Joh. 18:5). Hy bied Homself aan - in ons plek! Hy is volkome gehoorsaam aan die wil van sy Vader. Hy herstel die verhouding tussen God en ons.

Vandag hoor ons steeds die onontwykbare vraag van die Here: "Waar is jy?" Laat ons Christus, wat in die uur toe die mens rekenskap moes gee, gesê het: "Hier is Ek," waarlik navolg. Laat ons elke oproep om te dien antwoord: "Hier is ek, Here, gebruik my!"

Sing: Psalm 84:6 Ds. A.L. Pelser (Akasia)